# DRIEHONDERD VYF EN SEWENTIG JAAR LATER NAGEDINK OOR DIE DORDTSE KERKORDE UIT DIE GELEDERE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

PROF. R.M. BRITZ[1]

Vyf en sewentig jaar gelede - op 30 Oktober 1919 - het die Kaapse Kerk[2] by sy sinodale vergadering die Nasionale Sinode van Dordrecht *Na 300 jaar*[3] herdenk. By daardie geleentheid het ds. D.G. Malan "Haar aanleidende oorzaken" behandel, terwyl dr. E.E. van Rooyen "De vergadering zelve" aan die orde gestel het. Prof. A. Moorrees het die opdrag gehad om "Haar vruchten voor de Gereformeerde Kerk" aan te dui. In hierdie verband het hy op drie sake gewys: Die Dordtse Sinode het daarin geslaag om die waarheid van die Evangelie te handhaaf, dit het voorkom dat die kerk 'n handlanger (of "kreatuur") van die staat sou word, en dit het aan ons 'n besondere Bybelvertaling besorg. Vir Moorrees, so wys hy daarop, is hierdie Statevertaling 'n blywende monument van die wetenskaplike ontwikkeling en innige godsvrug van ons gereformeerde voorvaders.

Aan die Dordtse Kerkorde (voortaan DKO) is by daardie geleentheid nie gedink nie. Sekerlik om voor die handliggende redes. Histories het die toegeneëntheid tot die DKO by die Nederduitse Gereformeerde Kerk later gedurende die 20ste eeu gekom. Eers toe hy homself in 1962 in 'n Algemene Sinode byeengebring het, staan die invloed en akkommodering - in 'n kerkregtlike sin - van die DKO afgeteken in die nuwe Kerkorde, waarmee die Nederduitse Gereformeerde Kerk sy Wette en Bepalinge vervang het.[4] In die lig hiervan het dit onvermydelik geword om by die tweede geleentheid waarmee die Nederduitse Gereformeerde Kerk, of liewer 'n teologiese

1. Prof. R.M. Britz, Departement Ekklesiologie. Fakulteit Teologie. UOVS. Posbus 339, Bloemfontein 9300.
2. So het die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in die omgangstaal bekend gestaan. Hierdie kerk het al die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in die destydse Kaapprovinsie in 'n sinodale verband omvat.
3. Vgl. *Na 300 jaar 1619-1919: Toespraken gehouden tijdens de Synode van de Kaapse Kerk, op 30 October 1919 ter herdenking van die Synode van Dordrecht 1619.* Kaapstad, 1919.
4. Vir die geskiedenis van hierdie ontwikkeling in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, sien Brown, E.: "Die spoor wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20e eeu gevolg het", *NGTT XX(4)*, 1979, 79 e.v.; Britz, R.M.: "Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk", *NGTT XXVI(4)*, 1985, 432e.v. Vir die doeleindes van hierdie referaat word 'n breë kennis hiervan veronderstel.





Fakulteit van hierdie kerk, die Dordtse Sinode herdenk, nie ook iets oor die Kerkorde wat by daardie geleentheid vasgestel is,[5] te sê nie.

Na 375 jaar word daar gevolglik uit die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aandag gegee aan die DKO. Eerder as om die Kerkorde in 'n wetenskaplik-kerkregtelike sin te evalueer, het ek besluit om oor die teologiese voorbehoud daarvan na te dink, en nie verder as die eerste rigtingbepalende artikel gekom nie. Miskien is dit beter om hierdie Kerkorde nadenkend na jou toe te laat aankom - om by jou oor te neem en by die Woord en sy bediening te bring, as om daarvan 'n model of 'n prinsipiële kerkregtelike dokument te maak. Hy was nooit bedoel om so iets te wees, of assodanig behandel te word nie.

## I

Die teologiese duiding van die DKO uit die jaar 1619 korreleer nie met die hoeveelheid artikels, hoe baie of hoe min daar is, nie. Dit het trouens nie veel met die saak te make nie. Hierdie duiding lê elders - in sy oorspronklike Skriftuurlikheid, in 'n strekking waarin woordkeuses ruimte skep en openheid bring waarin die evangelie van Christus tot sy reg kom. Dit veronderstel uiteraard - aan die een kant - 'n deurdagte konfessionele insig en wysheid wat nie sondermeer uit die mou geskud is nie. En, aan die anderkant, 'n sorgvuldige ontwyking van 'n pretensieuse ondernemingsgees waarvolgens die een kerklike reël na die ander ter wille van 'n haalbare funksionering in die samelewing gedokumenteer word.

Reeds die eerste artikel van die DKO is 'n verwoording van hierdie benadering. Met veelseggende eenvoud reflekteer dit 'n konfessionele oortuiging en Skriftuurlike segswyse, wat bepalend deurwerk in die res van die Kerkorde. Bevry van "menslike insettinge, afgodery, superstisie, gebruike en misbruike waarmee die godsdiens bevlek is", soos die Provinsiale Sinode van Utrecht van 1612 dit weer 'n keer gestel het, word daar bloot bely: "om de goede ordre in der Gemeente Christi te onderhouden, zijn daar nodig de diensten, 't Zamenkomsten, opzicht der Leere, Sacramenten en Ceremonien

5. Soos in die geval van die historiese ontwikkeling van die kerkregering by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, word basiese kennis in verband met die kerkhistoriese situasie wat aan die DKO beslag gegee het, hier veronderstel. Vir 'n bestudering daarvan kan die volgende werke gerus geraadpleeg word: Hooijer, C.: *Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten (1563-1638).* Zalt-Bommel, 1865; Pont, A.D.: *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg Deel 1.* Pretoria, 1981; Spoelstra, B.: *Gereformeerde kerkreg en Kerkregering.* Hammanskraal, 1989; Donner J.H. en Van den Hoorn, S.A.: *Acta of Handelingen der Nationale Synode in de naam van Onze Heere Jezus Christus. Gehouden door autoriteit der Hoogmogende Heren Staten-Generaal der Verenigde Nederlanden te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619.* Houten, 1987 (Vir die DKO, sien p.p. 935-941); De Gier, K.: *De Dordtse Kerkorde. Een praktische verklaring.* Houten, 1989; Niesel, W.: *Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche.* Zollikon-Zürich, s.d.

en de Christelijke straffe".[6] Die bedoeling hiervan is duidelik: waar die dienste, die samekomste, die toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die christelike tug na vore kom, daar word die orde aangetref wat kenmerkend is van die kerk of gemeente van Christus.

## II

Die Sinode van Dordt 1618/19 het nie die probleem gehad om 'n gereformeerde kerkorde van meet af aan op te stel nie. Nog was dit nodig om met 'n rigtinggewende begin daarvoor te worstel. Die 16de eeuse geskiedenis en teologiese ontwikkeling met betrekking tot die inrigting van die gereformeerde kerklike lewe het die Sinode aan 'n toepaslike formulering gehelp. Toe daar in 1568 in Wesel 'n samekoms van Nederlandse gereformeerdes byeen was, het hulle ook moeite geedoen om die ordening van die kerklike lewe te reël. In die "Voor-Reeden" van die *Acta ofte Verhandelingen der Versamelinge der Nederlandsche Kercken, die onder 't Cruis sitten, .... gehouden te Wesel, den 3 Novembris, ende vervolgens in den Jaere M.D. LXVIII* word te kenne gegee dat daaroor "raat gepleegt is by de best Gereformeerde kerken in ander plaatsen".[7] Die DKO, sowel as die woordkeuse van die eerste artikel (soos dit hierbo aangehaal is), is dus ingeënt in die gedagtegoed oor die ordening van die kerklike lewe soos daaroor nagedink is in Genéve (Ordonnances Ecclesiastique 1541), Londen (Londense Kerkorde van 1554), en in die Franse gereformeerde Kerke (Discipline Ecclesiastique 1559) en in die handelinge van die Waalse Sinodes in Nederland (1563-1566) uit die 16de eeu.

Hoewel die eerste artikel van die eerste hoofstuk van die Weselse artikels 'n groter omhaal van woorde gebruik, is daarin alreeds die essensie van die latere korter formulering aanwesig: "Vermits voornamelyk van noode is tot welstand der Gemeynten, dat men voor al besorge, dat Godtsalige, geeerde, ende in de Heilige Schrift ervarene mannen, over deselve worden gestelt tot Dienaren, ende Herders; soo en kan niemand twyffelen, dat daar toe een noodig middel is kennisse der Talen, ende discipline, ende gestadigde oeffeningen in 't uitlegging der Schrifture, die men Propositien, ofte Prophetien noemt. Ende dat gedaen Zynde, zoo is ook van noode om een eenparige voet te beramen, ende het te onderhouden in Leere, Ceremonien, ende Discipline;

6. Hooijer, *a.w.*, 449.

7. Hooijer, *a.w.*, 33.





dat dikwils aangestelt worden vergaderingen der naburige Kerke om aldaar voor te brengen 't gene dusdanige saken betreffen zal."[8]

Dit is ook nie toevallig dat hierdie gedagtegang artikels 27-35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis eggo nie. Daardie artikels handel juis oor die algemene Christelike kerk (Art. 27), die verpligte aansluiting by die ware kerk (Art. 28), die kenmerke van die ware en valse kerk (Art. 29), die regering van die kerk (Art. 30), die ampsdraers van die kerk (Art. 31), die orde en tug in die kerk (Art. 32) en die sakramente, doop en nagmaal (Art. 33-35).[9] Hierdie konfessionele basis was dus in die 16de eeu rigtinggewend in Nederland, toe gereformeerde kerke hulleself na binne begin vind het en 'n ordening vir hulle lewe teologies moes uitwerk.

Die *Kerkenordeninge in den Nationalen of Generalen Synodo der Nederlandse Gereformeerde Kerke vergadert tot Middelburg in Zeeland begonnen den 29 Mey 1581*[10] gebruik die korter formulering, soos die DKO dit het, vir die eerste keer. Hierna het dit navolging gevind by die Nasionale Sinode van 's Gravenhage (1586)[11] en die Provinsiale Sinode van Seeland in Middelburg (1591).[12]

## III

Op die keper beskou, was die opsie wat die Dordtse Sinode uitgeoefen het om so te begin, nie die enigste wat oorweeg kon word nie. 'n Ander, ewe betekenisvolle omskrywing, wat eweneens as 'n uitgangspunt kon geld, kom in die *Acta Ofte Verhandelingen der Versamelinge der Nederlandtsche kerken ... gehouden te Embden den 5 Octobris Anno 1571* voor. Daar word in 'n eerste artikel gestel dat "Geen Kerke zal over een ander Kerke, geen Dienaar des Woorts, geen Ouderling noch Diakon, zal de een over de ander heerschappye voeren, maar een yegelyk zal hen voor alle suspicien, ende aanlokkinge om te heerschappen, wachten".[13] In die *Discipline Ecclesiastique* van 1559 kom hierdie saak, hoewel dit van toepassing gemaak word slegs op gemeentes wat nie oor mekaar kan heerskappy voer nie, ook aan die orde.[14] Die uitgangspunt wat by Wesel onder woorde gebring is, word dus opvallend genoeg

8. Hooijer, *a.w.*, 34. Die Sinodes van Dordrecht 1574 en 1578 (sien Hooijer, *a.w.*, 97 e.v.; 145 e.v.) het dit woordeliks gevolg.

9. Vgl. Pont, *a.w.*, 71.

10. Vgl. Hooijer, *a.w.*, 201.

11. Hooijer, *a.w.*, 270.

12. Hooijer, *a.w.*, 306 e.v.

13. Vgl. Pont, *a.w.*, 103; Hooijer, *a.w.*, 67.

14. Pont, *a.w.*, 50.

nie hier gebruik nie. Op die oog af lyk dit ook asof by Embden 'n ander koers ingeslaan word.

Met insig in en aanvoeling vir die konfessionele oortuiging wat agter hierdie artikel skuil, ontdek 'n mens daarin 'n ruimte waarin die Skriftuurlike aanwysing en verkondiging van Christus se Koningskap in die gemeente, ontplooi. Daarom meen ek dat hierdie bewoording, waarmee die res van die Nederlandse gereformeerde kerkordes nie begin nie,[15] tog ook as 'n uitgangspunt by Dordt aangelê kon word. Immers, daarin hoor ons nie in die eerste plek 'n "anti-hiërargiese beginsel" waarvan so veel in die latere gereformeerde kerkregering gemaak is nie. Nog is dit 'n aanduiding van die gelykheid van die ampte. Dit verteenwoordig ook nie 'n sterk wag wat betrek is by die selfstandigheid, of kompleetheid, of die reg van die plaaslike kerk/gemeente nie. Dit wil maar eintlik net sê dat in die praktiese situasie van kerkwees, daar net een Here en Koning is. Geen ander is daar om, en kan daar, heerskappy voer nie. Selfs die heimlike begeerte of strewe daarna word in die kiem gesmoor. Christus duld geen medestanders nie. Hy alleen is die Koning wat die orde skep en bepaal. Uit hierdie oortuiging groei die kerkorde en moet dit begryp word. Vanselfsprekend is so 'n uitgangspunt vir die Kerkorde diensbaar aan die Woord, waardeur die ordelike regering van Christus in die Heilige Gees waargemaak word.

## IV

Toe die Kerkorde by die groot Nasionale Sinode tussen 13 en 28 Mei 1619 ter sprake gebring is, is Wesel in plaas van Embden gevolg. Met die eerste oogopslag lyk "om de goede ordre in de gemeente Christi ..." na 'n funksionele uiteensetting van sake wat ongetwyfeld belangrik is vir die bestuur en inrigting van die kerklike lewe. Die dienste (of ampte), die kerkvergaderings, die leer en seremonies sowel as die tug (dissipline) kan inderdaad deurgaan as die groot pilare waarop die effektiewe bestuur en reëling van die praktiese kerklike lewe rus. Dit kan as die basis van 'n bepaalde vorm van kerkregering opgeneem word. Maar, net soos dit by Embden nie om 'n anti-hiërargiese beginsel gegaan het nie, gaan dit ook nie hier om die aste waaromheen 'n effektiewe kerkregeringstelsel vir die ordelike lewensinrigting van die kerk draai nie. Die artikel vra om 'n ander uitleg. Dit adem die gees van die Skrif. Wie hierdie ademing - of miskien moet 'n mens ook praat van 'n

15. Hierdie artikel kom wel in die kerkordes na Embden, wat die Wezellyn gevolg het, voor. By die Nasionale Sinode van Dordrecht (1578) as artikel 101, by die Nasionale Sinode van Middelburg (1581) as artikel 68, by die Nasionale Sinode van 's Gravenhage (1586) as artikel 77, by die Provinsiale Sinode van Middelburg (1591) as artikel 78 en by die Nasionale Sinode van Dordt (1618-1619) as artikel 84.





onderliggende of verborge strekking - nie raaksien nie, beland in 'n kerkregtelike rangeerwerf waarin die een reël na die ander in 'n goedgeordende netwerk uitgelê is. Die gees en bedoeling van die DKO kan egter nie in 'n netwerk van kerkregtelike reëls vasgevang word nie. Die heel eerste artikel bely dit prontuit. Dit spreek van - om by die gebrekkige beeld te bly - 'n spoorbaan waarlangs die bediening van die Woord en evangelie sy rigtingvaste loop kan neem. Dit is uitdrukking van die alleenheerskappy van Christus in sy Kerk.

Die inleidende artikels van die *Kercken-Ordeninghe* van die Provinsiale Sinode van Utrecht in 1612[16] aksentueer dit op 'n aangrypende manier. Daarin is daar allereers sprake van dankbaarheid teenoor die Here van die Kerk wat die gemeentes tegemoet gekom het in die "Christelijke Reformatie" van die vorige eeu. Dit was dus 'n reformasie wat van Christus uitgegaan het. Daarmee het Hy weer sy heerskappy in die Kerk herstel en dit in 'n orde van sy eie na vore laat kom. "Openende de Schrifturen ende kennis gevende van zijne waerheit"[17] is "sodanighen ordre tot behoudenisse van de suyvere waerheyt Godts ... gestelt tot voortplanting van die ware godvrugtigheid en onderhouding van vrede en eenheid".[18] Hierin word die lyn van die kerkorde na die verkondiging èn dankbaarheid - wat uiteraard 'n gelade begrip was wat so veelseggend in terme van die wet en die gebed van die Here in die Heidelbergse Kategismus uitgelê word - getrek. So gesien, open hierdie verbandlegging, as die teologiese milieu waaruit die DKO stam, verrassende perspektiewe. Immers, die kerkorde staan in die teken van dankbaarheid teenoor Christus ons Saligmaker.

## V

Teen hierdie breë agtergrond, met sy kenmerkende teologiese inslag en momentum, praat die DKO dus van die onderhouding van die "goede ordre in der Gemeente Christi". Dit gaan nie om die orde van of vir die gemeente van Christus nie. Dit gaan om 'n veronderstelde orde - *in* die gemeente. Die oorsprong daarvan is oor die Woord heen terug te voer na die Hoof van die gemeente, na Christus self.

Dit is sekerlik die rede, om ons nadenke oor die DKO verder te voer, waarom hierdie kerkorde so lynreg staan teenoor die destyds aanvaarde praktyk dat die owerheid reëlings moet maak om die amptelik erkende kerk aan 'n legitieme ordening te help en sodoende te beskerm. Binne die kader

16. Hooijer, *a.w.*, 393-394.
17. Hooijer, *a.w.*, 393.
18. Hooijer, *a.w.*, 393.

van die opkomende Nederlandse staatsregtelike denke het onder andere Grotius, Oldenbarneveldt en Dontedock teoreties en prakties daaraan beslag gegee. Gegewe die omstandighede en situasie waarin die Dordtse Sinode byeengekom het, is dit eintlik 'n paradoks dat nie toegegee is aan die suigkrag van die populêre gedagterigting, wat sy duisende verslaan het, naamlik "dat de godtvruchtige Overigheid sich altijd toege-eigent hebben het instellen van de Wetten de Religie". Dit is, so word verder beweer, "buiten dispute, en God heeft sodanige Wetten niet door Aaron maer door Moyses gestelt, 't welk ook daerna by het volk van Israel alsoo altydts is gebleven dat de hooghste Authoriteit en magt van de selve Wetten by de Rechteren, Koningen en lestelyk by de Prinsen soude wesen ..." So word hierdie saak al in die *Kerkelijke Wetten op last van de Staten van Holland en Zeeland ontworpen in 1576* gemotiveer[19].

In die *Kerkelijke Wetten op last der Staten van Holland ontworpen*[20] in 1583 word dit nog duideliker gestel: "Alsoo der Christelijke Overicheyt toestaet over alle goede sorghe te draegen, dat die Leeringe des heyligen Evangeliums ons heeren Jhesu Christi in alle suyverheyt der Gemeente worden voorghedragen, en dat de Christel. kercken in goede ordre ende policie worde onderhoude, 't welck nyet en mach geschieden, ten si datter seckere regulen ende ordonnatien worden voorgestelt, daer uyt een yegellick weeten mach, hoe hij hem in zijn ampt, berouping, ende leven sal hebben te draeghen."[21] Hierdie uitgangspunt en benadering ter wille van 'n Christelike regstaat en sy ordening het in die *Kerkenordinge bij de E. Heeren Staten van Utrecht Anno 1590 gemaakt en gearresteert*[22], die *Kercken-Ordeninge gemaeckt by eenighe Politicken ende Ecclesiastijcken inden Haghe, in Februarie Anno 1591*[23] sowel as die *Christelicke und Schriftmetige Kercken Ordenung*, "om alle desorder voor te comen, und eenicheyt, rust und vrede inde gereformeerde kercke, in der Stadt und Omlanden van Groeningen toe mogen onderhouden,"[24] 'n tradisie geword. Hierdie kerklike wette en ordonnansies adem heeltemal 'n ander gees as die kerkordes. Dit lyk na 'n netwerk van reëlings, uitgedruk in 'n regskerklike ordening ter wille van die regstaat.

Die orde in die gemeente van Christus is van huis uit, vergeleke by die Christelike staatshuishouding, van 'n ander oorsprong. Hierdie orde is nodig

19. Sien Hooijer, *a.w.*, 126. Vir 'n meer volledige beredenering, vgl. *a.w.*, 126-131.
20. Hooijer, *a.w.*, 233 e.v.
21. Hooijer, *a.w.*, 233.
22. Hooijer, *a.w.*, 293 e v.
23. Hooijer, *a.w.*, 338 e v.
24. Hooijer, *a.w.*, 362 e v.





en word onderhou - nie deur menslike instellings en gebruike nie, maar deur Christus self. Dit gaan ook hier sekerlik om 'n legitieme orde. Maar, dit is Christus wat aan die orde sy legitimiteit gee. Die vier aangeleenthede waarin dit na vore kom, is eweneens bepalings van Christus. In gehoorsaamheid aan Hom, moet dit onderhou word.

## VI

Geen mens of menslike instelling kan in elk geval die vier sake (die dienste, samekomste, die sakramente en die tug) waarin die orde in die gemeente van Christus by die DKO saamkom, konstitueer of aanvoor nie. Elk hiervan het 'n Skriftuurlike bepaaldheid en moet assodanig verstaan word. Dit is onmisbare boustene van die gebou wat Christus oprig. Dit is ook sy keuse. Aanvulling daarvan, of eie bedinksels, kom gewoon op minagting van die Koning van die Kerk neer. In die vier aangeleenthede word Christus op sy Woord geneem en word die ordening wat Hy in sy woord verordineer, opgevang. Daaraan word die Kerk as Kerk van die Here geken en daarin weerklink die evangelie van genade.

Hierop sou breedvoerig ingegaan kon word. Dit sou my egter buite die perke van die onderhawige tema bring. Daarom word slegs met enkele gedagtes oor die dienste, die samekomste, die leer, seremonies en die tug in die DKO volstaan.

### *Die Dienste*

Uit die res van die artikels wat in die DKO oor die dienste, hulle roeping en opdrag handel, is dit duidelik dat dit gevolg wil gee aan die feit dat hulle noodsaaklik is, omdat hulle deur God ingestel is. Dit is die enigste rede vir hulle bestaan (2 Kor. 5:18-21; Jh. 20:21; Mt. 28:18-20). Hulle is nie daar ter wille van die goeie orde en funksionering van die kerk nie. Christus bepaal dienooreenkomstig wat die dienswerk inhou, wie dit moet verrig en wat die vereistes daarvoor is (Hd. 20:28; Rm. 12:4; Ef. 4:11-16; 1 Tm. 3:5, 4:16; 2 Tm. 4:2 ev; 1 Pt. 5:1e.v.). Hulle moet die diens van die Woord, in en deur die samekomste, die leer, sakramente en tug waarneem. Dit is 'n bediening ter wille van Christus en kom na vore in vermaning, lering, vertroosting, versorging, liefdesbetoon, regering en tug (Rm. 12:4-8; 1 Kor. 12:27-31; Ef. 4:11-16). Hulle gesag is die gesag van die Woord. Dit is daarom gans anders as die gesag van die owerheid, of die ampsdraers van die owerheid. Hulle roeping, verkiesing en afsondering is die roeping, verkiesing en afsondering van Christus. Daarom staan dit so skerp afgeteken teenoor die die Rooms-Katolieke praktyk van biskoplike wydings, aanstellings en verplasings. Die "Christelijke Reformatie" het sy wortels dus ook hier ingestoot.

*Die Samekomste*

Volgens Hebreers 10:25 is 'n samekoms 'n byeenkoms van die gemeente onder bediening en aanhoor van die Woord. 'n Samekoms word gekonstitueer deur die Woord en daarom deur die lerende Christus en sy Gees. Daar word gebuig voor die gesag van die Woord, en daar word die Woord verkondig en eerbiedig. Daar, en op daardie wyse, regeer Christus. Die DKO kies dus doelbewus vir die begrip "'t Zamenkomsten" (artikels 29-52) in plaas van vergaderings. 'n Vergadering is iets anders as 'n samekoms. Eersgenoemde word burgerregtelik gekonstitueer deur die bepalings van 'n grondwet of huishoudelike reëls. Dit vind plaas aan die hand van 'n prosedure, 'n sakelys, en waarin die meerderheid bindende besluite ter wille van die goeie orde neem. Met sy duidelike Christologiese fundering en voorveronderstelling plaas die DKO hom dus op 'n ander benadering: 'n benadering waarin ook die verband tussen die gemeentes van Christus nie in terme van 'n kerkregtelike verhouding uitgedruk kan word nie, maar vanuit die gegewe dat Christus self die verband is (Hd. 1, 6, 15, 21; 1 Kor. 11:26; Rm. 15:26; 2 Kor. 8, 9; Op. 1-4).

*Opsig oor die Leer, Sakramente en Seremonies.*

Die artikels (53-70) wat oor hierdie aangeleenthede handel, reflekteer eweneens 'n uitgesproke Skriftuurlikheid. Omdat die gemeente die draer en beskermer is van die geopenbaarde waarheid (1 Tm. 3:15-16; 1 Jh. 2:18, 4:1-6; 2 Jh. 10), kom daar opsig oor die leer en word die belydenisskrifte onderteken omdat (quia) hulle ooreenstem met die Skrif. Die gemeente mag immers nie bedrieg word nie. En, dit gaan om 'n geopenbaarde waarheid - Jesus Christus. Daar is geen ander evangelie nie (Gl. 1:6-12). Net so word die opsig oor die sakramente beoefen. Daarin gaan dit om die heiligheid van God en sy genade (1 Kor. 11:27-34) en moet alle sweem van menslike verbuigings geweer word. Die sobere artikels waarmee die nagmaal en die doop begelei word, staan uitdruklik teenoor die tradisie van die Rooms-Katolieke Kerk. So word die doop, teenoor die rondswerwende pape en Mennoniste, binne die erediens bedien. Dieselfde soberheid kenmerk die aantal feesdae - wat uiteraard almal in verband staan met die heilsgeskiedenis van Christus - wat erken word: Sondag, Kersdag, Paasfees en Pinkster.

*Die Christelike tug*

Dit is merkwaardig dat die tug nie in verband met die Kerk gebring word nie, maar in verband met Christus (artikels 71-81). Dit gaan immers om die "Christelijke straffe" wat "Geestelijk" is. Die tug gaan van Christus uit, met die oog op die versoening met Christus. Nie met die Kerk nie. Die veelheid van





kerke bied aan diegene wat kerklik getug word nog 'n alternatiewe heenkome. Wanneer die tug, soos die DKO dit doen, Christelik opgevat word, wil dit eintlik maar net sê dat daar geen ander Saligmaker as Christus is nie. Slegs by Hom is die Voorspraak en vergifnis moontlik. In hierdie sin aksentueer die DKO dat dit in die tug om bediening van die Woord gaan, want dit is tog in die Woord waar ons die Here Jesus teëkom (Mt. 16:18; 18:15-18; Jh. 20:23; Rm. 16:17; 1 Kor. 5:2, 13; 2 Ts. 3:6; Tt. 3:10; 2 Jh. 10; Op. 2:2 e.v.). Die destydse aktualiteit van hierdie uitgangspunt moet nie onderskat word nie. Die owerheid en die regbank kan prinsipieel nie meespreek in die bediening van die tug as dit van Christus af uitgaan nie. Hierteenoor het die remonstrante standpunt ingeneem. Hulle het die Sinode "incompetent" verklaar "omdatse de tegenpartie is en omdatse is schismatic". Daarmee is die natuurlike regsreëls verbreek. Immers, so het hulle dit aangevoer, die kerk word in die behandeling van die remonstrantse kwessie, regter in sy eie sake. Maar, so het die DKO die saak ingesien, wanneer Christus die Subjek van die tug is, kan die Kerk nooit regter in sy eie saak word nie. Wanneer die tug egter 'n kerklike regsaak word, en tughandelinge toepas aan die hand van 'n tugreglement, dan gebeur presies wat die DKO teëspreek. Weereens tree die DKO in die bresse vir die alleenheerskappy van Christus in sy gemeente.

## VII

Uit alles wat tot dusver gesê is oor die DKO, lê een saak soos 'n rooi draad voor die geestesoog. Hierdie Kerkorde was nie 'n poging om die kerklike lewe selfstandig en onafhanklik te probeer reël nie. Dit gaan daarin nie om die belange van die kerk of die kerklike instituut te bevorder nie. Hoor 'n mens die Kerkorde goed aan, dan bring dit die spreke van die Woord van God na vore. Dit kom nie net op uit die Woord nie, maar wil ook diensbaar wees aan die Woord. Dit is 'n vertolking van die breë aksent wat orde in die Ou en Nuwe Testament ontvang. Dit staan in verband met die Koninkryk van Christus en die realisering daarvan in die gemeentelike lewe. Die oorsprong daarvan is by Christus, die Saligmaker en kom so ook tot heil van die mens wat hierin deel en wat as begenadigde in hierdie orde gestel is.

Om in 1994 uit die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk na te dink oor die DKO, wen, anders as by 1919, aan 'n besondere aktualiteit. Immers, by die pas afgelope Algemene Sinode is besluit dat die eenwording van die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, tot uitdrukking moet kom in 'n gereformeerde kerkorde. Mag die aansluiting kom by die gees en benadering van die DKO.